

5

ONS GEE HOOP AAN DIE WÊRELD

Praktiese hoop!

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle diensbaarheid in die koninkryk van God hoop gee aan ander mense.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet geloof is nie net teorie nie, maar dit moet oorgaan in daede.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om diensbaar te wees in die koninkryk van God.

Vaardigheid

Die kinders sit dit wat hulle in die vorige les by die ouetehuis of weeshuis of sokombuis of in die straat gaan doen het, voort en maak daarvan 'n vaste gebruik in hulle daaglikse lewe.

MEER INLIGTING (Filippense 2: 5-8; Jakobus 1: 22-25; 2: 14-17, 26)

Hoe beleef 'n mens dit om 'n kind van die Here te wees? Jy beleef om kind van die Here te wees nie deur agteroor te sit en wonder nie, maar wanneer jy in jou lewe al hoe meer soos God begin optree. Dit is wanneer jy in jou eie optrede teenoor ander mense kan sien dat God besig is om in jou daaglikse optrede jou te lei om die regte dinge te doen. Dis om te besef: As mense na my kyk, sien hulle iets van God raak. Ek is deel van God se span deur wie se hande en voete en oë die nuwe aarde en nuwe hemel al hoe meer 'n werklikheid word.

Hoe meer God in my gesindheid en optrede gesien kan word, hoe meer van God sal ek rondom my gewaar, en hoe minder sal ek twyfel oor Hom, en hoe meer vreugde sal ek ervaar. As ek 'n kind van die Here is, sal ander mense kan sien hoe ek die dinge doen waarvan God hou. Ek sal Hom sigbaar maak in die wêreld.

God het al vir Abraham gesê sy hele doel met hom en sy nageslag is dat hulle tot seën vir ander mense moet wees. Die genade van God moes in hulle lewens sigbaar wees. En so ook in ons lewens. God was ons genadig, Hy het ons sonde vergewe en Hy sorg elke dag vir ons. Hy wil sien dat ons ook meer genadig en liefdevol sal wees, dat ons ander sal vergewe soos Hy ons vergewe het.

In Filippense 2: 5-8 teken Paulus vir Jesus as die Een wat diens kom lewer het soos 'n slaaf. Dis 'n misterie, ja, 'n groot geheimenis, ja, selfs 'n menslike onmoontlikheid! Dat Hy, wat God is, uiteindelik mense se voete kom was het; dat Hy tussen mense kom loop het, hulle gedien het, uiteindelik vir hulle gesterf het – dis onverklaarbaar. As ons dan sê dat ons sy dissipels is, moet ons ook sy voorbeeld volg. Ons moet doen wat Hy van ons verwag – dit is om lief te hê soos Hy liefhet, te vergewe soos Hy vergewe, mekaar te dien soos Hy ons kom dien het.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Vra vir die klas om te sê waarvoor hulle wil hê daar gebed moet word. Maak 'n lysie daarvan, en gaan dan voor in gebed en bid vir elke saak op die lysie.

HET HULLE ONTHOU?

Vind uit wie het wat gedoen om saam met hulle ouers iets goed uit dankbaarheid te gaan verrig:

- Om 'n geskenk te vat vir iemand in 'n ouetehuis of 'n weeshuis wat dié week verjaar.
- Om goedere by 'n sokkombuis te gaan afgee.
- Om warm kos vir 'n straatkind te gaan gee.

Laat hulle vertel wat hulle ouers gesê het van –

- iemand wat hulle ken wat opgehou het met 'n slegte lewe, met ander woorde, iemand wat tot bekering gekom het.
- die goeie dinge wat die Heilige Gees die persoon nou laat doen, met ander woorde, van die vrugte wat hy of sy dra.

Laat enkele kinders die kenmerke van die sondige natuur en ook die vrug van die Heilige Gees uit Galasiërs 5: 19-26 opsê. *Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdien, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge... Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Kontroleer of hulle die volgende vrae kan antwoord:

- Wat is bekering? *Bekering is om God toe te laat om die ou mens in jou dood te maak en om dan soos 'n nuwe mens te gaan lewe – om te maak soos Jesus sou maak!*
- Wanneer het God die eerste keer vir ons die bewys gegee dat Hy die ou mens in ons doodgemaak het? *Hy het dit gedoen toe ons gedoopt is.*
- Wat gebeur met ons as ons God die Heilige Gees toelaat om sy vrugte in ons te laat groei? *Hy laat 'n nuwe mens in ons lewe as ons die Heilige Gees toelaat om sy vrugte in ons te laat groei.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Geloof is nie net 'n klomp feite wat ons in die Bybel kry en dan glo nie. Dit wat ons in die Bybel hoor, moet ons só aangryp dat dit oorgaan in daede, daede wat getuig van liefde, vrede, vreugde, geduld, ensovoorts.

IETS INTERESSANT

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en vertel hoe ons meer diensbaar kan wees in God se koninkryk. Lê klem op die onderstaande feite:

- Om kind van God te wees, beteken om in jou lewe al hoe meer soos God te begin optree.
- God lei ons in ons daaglikse optrede om die regte dinge te doen.
- As mense na my kyk, moet hulle iets van God raaksien.
- Deur my hande en voete en oë moet die nuwe aarde en nuwe hemel al hoe meer 'n werklikheid word.
- As God in my gesindheid en optrede gesien kan word –
 - sal iets van God rondom my gewaar word;
 - sal ek ophou twyfel oor Hom;
 - sal ek meer vreugde ervaar;
 - sal ek die dinge doen waarvan God hou; en
 - sal ek Hom sigbaar maak in die wêreld.
- God het al vir Abraham gesê sy nageslag sal 'n seën vir ander mense moet wees.
- Die genade van God moes in hulle lewens sigbaar wees.
- God was ons genadig, het ons sonde vergewe, en sorg elke dag vir ons.
- Hy wil sien dat ons ander sal vergewe soos Hy ons vergewe het.
- Filippense 2: 5-8 teken Jesus as die Een wat diens kom lewer het, mense se voete kom was het, en uiteindelik vir hulle gesterf het – dis onverklaarbaar!
- As ons dan sê dat ons sy dissipels is, moet ons ook sy voorbeeld volg –
 - om lief te hê soos Hy liefhet;
 - om te vergewe soos Hy vergewe; en
 - om mekaar te dien soos Hy ons dien het.
- Al hierdie werk wat ons doen omdat ons in Jesus glo, noem ons barmhartigheidsdiens. Dit is jou opdrag omdat jy glo.
- Liefdadigheid doen iemand uit medemenslikheid of om iets terug te kry. Jy doen dit ook net as jy wil. Dit is nie 'n dankbaarheidsdaad nie.

Laat hulle kortliks gesprek voer oor die volgende:

- Sê nou jy help iemand regtig baie. Jy gaan uit jou pad uit en doen baie moeite. Wat sou jy verwag moet die persoon doen? *Hulle behoort ten minste vir jou dankie te sê.*
- Dink na oor wat die Here alles vir jou gedoen het. Wat dink jy is die minste wat jy nou vir Hom kan doen? *Jy behoort ten minste vir Hom dankie te sê.*
- Hoe dink jy sê ons dankie vir die Here? *Deur te doen wat Hy van ons verwag – dit is om lief te hê soos Hy liefhet, te vergewe soos Hy vergewe, mekaar te dien soos Hy ons kom dien het.*

IETS BELANGRIK

Lees Matteus 7: 21-23, Jakobus 1: 22-25 en 2: 14-17, 26.

Beklemtoon die volgende verse weer:

- *Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.*
- *Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.*
- *Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dae bevestig dit nie?*
- *So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dae oorgaan nie, is dit sonder meer dood.*
- *'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dae kom nie, ook dood.*

IETS OM TE DOEN

Laat hulle as klas besluit waar hulle 'n verskil kan gaan maak. Hoe gaan hulle dit doen om seker te maak dat –

- dit 'n uitvloeisel is van hulle geloof? (Skryf 'n paar gedagtes neer.) Om as gelowige 'n verskil te maak, beteken dat ons *ander mense sal liefhê, versorg, vertroos, help, ensovoorts, omdat God ons liefhet, versorg, vertroos, help, ensovoorts – ons geloof gaan oor in dae.*
- mense sal agterkom dat hy of sy werklik 'n Christen is? As hy of sy die wil doen van die Vader wat in die hemel is. Hoe verstaan hulle dit? *Vir diegene wat ek help, gaan ek ook van Jesus vertel – dat Hy ons van ons grootste nood, naamlik ons sonde, verlos het, daarom verlig ek uit dankbaarheid ook ander se nood.*
- Hulle moet sorg dat die verskil wat hulle maak, ooreenstem met die opdrag van Jesus in Matteus 7: 21-23. Hoe gaan hulle dit regkry? *Ek gaan duidelik sorg dat my geloof oorgaan in dae. Wat ek glo, moet sigbaar word in wat ek doen.*
- Laat hulle nou neerskryf watter dinge mense sal aanvoer as redes waarom hulle verdien om in die koninkryk in te gaan: *Ek het gereeld kerk toe gegaan/ my dankoffer gegee/ ek glo in Jesus / baie ander. Ons verdien dit nooit om in God se koninkryk in te gaan nie. Net die geloof in Jesus kan my red. Daardie geloof moet sigbaar word in my dae, anders is dit dood.*

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle met hulle gesinslede gesels oor die verskil tussen welsynswerk en barmhartigheidsdiens. *Ongelowiges kan welsynswerk doen, maar net gelowiges kan barmhartigheid verleen soos Jesus dit gedoen het. Barmhartigheid is elke gelowige se opdrag – God verwag dit. Welsynswerk is vrywillig. Barmhartigheid is 'n opdrag, en 'n gelowige moet dit doen.*

Moedig hulle aan om saam met hulle ouers iets goeds uit dankbaarheid te gaan doen, byvoorbeeld –

- om 'n geskenk te vat vir iemand in 'n ouetehuis of 'n weeshuis wat dié week verjaar;
- om goedere by 'n sopkombuis te gaan afgee; of
- om warm kos vir 'n straatkind te gaan gee.

LEER

Laat hulle Matteus 7: 21 uit die kop gaan leer:

Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 308 as gebed.

*Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.*

*Neem my hande, maak hul sterk –
diensbaar in u goeie werk.
Neem my voete, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer. Amen.*